Artikel 53 (Kerkorde)

53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.

53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom ’n gemeente. Deur dié gemeente:

• laat God sy Woord verkondig,

• bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,

• laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,

• laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en

• word sy geregtigheid en versoening verkondig.

Só laat Hy sy koninkryk kom.

53.3 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.

53.4 Elke gemeente is ’n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.

Besluite by Artikel 53:

53.1 Die Drie-enige God versamel, bou, roep en stuur die hele kerk, in al haar gestaltes (lidmate, gemeentes, kerklike verbande en bedieninge), as getuies van God se sending (Missio Dei) na die wêreld. In dié getuienis word die omvattende heil (vrede/sjaloom) met woord en daad bedien (Kolossense 1:20, 2 Korintiërs 5:18, Filippense 1:10-11).

53.2 Elke gemeente is geroep tot missionêre gemeente-wees in eie konteks, maar ook om onder leiding van en in die krag van die Heilige Gees betrokke te raak by diens- en getuienisprojekte in “Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld” (Handelinge 1:8). Dit sluit die uitstuur en ondersteuning van sendelinge en uitreik-groepe in.

53.3 Om te onderskei wat hierdie roeping tot gestuur-wees vir elke spesifieke konteks behels, behoort daar biddend saam geluister te word na die Woord en Gees, na mekaar en ander en na die nood in die wêreld.

53.4 Eenheid, versoening en geregtigheid is onontbeerlik vir die kerk se geloofwaardige getuienis in die wêreld (Efesiërs 4:3-6).

53.5 Getuienis word sover moontlik gedoen in vennootskap met ander, maar op weg na

groter sigbare eenheid veral ook met susterkerke in die NG Kerkfamilie. Getuienis in vennootskap behels:

• Wedersydse erkenning en respek van die vennote se selfstandigheid.

• ‘n Fokus op die vennote se gedeelde roeping tot getuienis in die betrokke konteks.

• Die uitbou van standhoudende verhoudinge, wat ook in geskrewe ooreenkomste vervat kan word.

• Wedersydse ondersteuning, inspraak, verantwoording, openheid en vertroue.

• Doelbewuste wegbeweeg van afhanklikheid en voorskriftelikheid.

• Vennootskappe is ‘n doelbewuste stap nader aan die eenwording binne die NG Kerkfamilie.

53.6 Die Eenheid vir Vennote in Getuienis staan in diens van gemeentes, ringe, sinodes en ander kerklike verbande se roeping tot diens en getuienis.